View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DIE NOODSAAK VAN KULTUURDIFFERENSIASIE IN DIE ONDERWYS

H.J. Steyn

Departement Vergelykende en Temporele Opvoedkunde

PU vir CHO

ABSTRACT

In this article the author discusses the necessity of cultural differentiation in education. Following a brief introduction in which various viewpoints are compared and contrasted, he outlines the concepts of culture, education and educational system, following this by a discussion of the interaction between culture and the educational system. He further illuminates this by referring to a number of the modes of existence of educational systems. In the physical manifestation of an educational system three main components can be distinguished, viz. educational policy, educational administration and execution of education. After a close reasoning and explication of these points, he comes to the conclusion that the educational system also belongs to culture, in that the educational system is man's most comprehensive cultural product in the field of education and teaching. This leads to the second part of the article where close attention is paid to the links between culture and the aims of education, between culture and the cirriculum. He comes to the final conclusion then that cultural differentiation is essential in education. Each country with a multi-cultural society has to work hard, through research and honest reflection, to enrich and to refine the existing practices in education.

## 1. INLEIDING

Opvoedkundiges dwarsoor die wêreld is van oordeel dat die kultuur die onderwys van 'n bepaalde kultuurgroep medebepaal. As voorbeeld hiervan skryf Zintz (1969:50): "Education deals with children in culture, and serves the ends of a culture." Hy voeg by dat individue vanuit die die kultuur leer en dié kultuur in hul persoonlikhede internaliseer sodat hulle "... want to act as they have to act" (Zintz, 1969:50). Klassen

(et.al, 1977:3, 11) beweer dat dit die ideaal is om in die onderwys met die verskillende kulture van die leerlinge rekening te hou en dat die onderwys die kind moet help om in sy eie groep te funksioneer. Stent (et.al, 1973: 15) beweer verder dat: " ... education addresses itself to cultural diversity".

Wanneer Van der Walt navorsing doen oor religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys bevind hy dat religieuse differensiasie in die onderwys kulturele differensiasie impliseer en veronderstel (Van der Walt, s.d.: 40).

Morrow (1982:105) bevraagteken egter op sy beurt die verband tussen die kultuur van 'n kultuurgroep en die onderwys: "Maybe, at the end of the day, there is something in the idea that education and culture are somehow related to each other, but we still need to try to work out more clearly what this relationship might be; and, what this might, in the end, have to do with schooling policy we cannot tell Thus, faced with the gross injustices of schooling policy in South Africa, to worry on at a possible culture-education link sounds a bit too much like fiddling while Rome burns."

Ten spyte daarvan dat dit in lande met heterogene bevolkingsamestellings (vergelyk die VSA en Australië) algemeen aanvaar word dat kulturele verskille in onderwysvoorsiening verreken moet word, mag die bevraagtekening daarvan, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, nie ligtelik afgemaak word nie. Die rede hiervoor is dat kulturele differensiasie 'n bepaalde effek op die samelewing het: struktureel, polities en ekonomies. Om 'n antwoord op die vraag of daar 'n verband tussen die onderwys en kultuur is te verkry, moet weer gesoek word na die verband tussen kultuur en die onderwysstelsel, en tussen kultuur en onderwys as sodanig. As grondslag vir die beredenering is dit nodig om duidelikheid te verkry oor die begrippe "kultuur", "onderwysstelsel" en "onderwys".

## 2. KULTUUR, ONDERWYS EN ONDERWYSSTELSEL - 'N BEGRIPSVERKLARING

2.1 Kultuur

Oor wat die begrip "kultuur" behels, kon daar dusver nie onder denkers tot eenstemmigheid gekom word nie, veral omdat verskillende kundiges die begrip vanuit 'n besondere perspektief of kennisveld belig (Molendijk, 1971:7). Dikwels word die begrip "kultuur" beperk tot die fynere uitinge van die menslike gees, soos byvoorbeeld die beeldende kunste, musiek en letterkunde, terwyl andere kultuur omskryf as die volle aksieradius van die menslike lewe (Heyns, 1982:134). Selfs vollediger as laasgenoemde is die beskrywing van kultuur as " ... the core of man's being: what he was, is and ought to be - It simply is a fact" (Stent, 1973:15).

Dit word egter algemeen aanvaar dat kultuur op die arbeid en arbeidsproduk van die mens of gemeenskap dui. Net soos die arbeid (handelinge) van die mens, is kultuur dus lewensbeskoulik bepaald. Kultuur kan ook as beheerste natuur (arbeidsproduk deur arbeid) beskryf word en dan word tussen materiële en nie materiële kultuur onderskei (Roode, 1970:39). Materiële kultuur omvat die fisiese arbeidsproduk (verwerkte natuur) van die gemeenskap, byvoorbeeld die boukuns, meublement en vervoerwese. Die nie-materiële kultuur behels die nie konkrete arbeidsproduk van 'n gemeenskap, byvoorbeeld die literatuur, taal en politiek. Dit blyk dus korrek te wees om kultuur te omskryf as die " ... complex whole that consists of everything we think and do and have as members of society" (Robert Bierstedt, soos aangehaal deur Roode, 1970:39).

Uit die voorgaande blyk dit dat die mens in groepsverband by sy eie kultuur en kultuurvorming betrokke is. Volkskultuur kan dus omskryf word as die eiesoortige ideale, doelstellinge, aktiwiteite, belangstellings en gedragspatrone van 'n bepaalde volk, onder leiding van 'n bepaalde lewensbeskouing, soos vergestalt in daardie volk se geloof, herkoms, tradisie, geskiedenis, kuns, wetenskap, literatuur, taal, politiek, ekonomie, arbeidsoriëntasie en industrielewe. Die kultuur van 'n volk of gemeenskap is dus nie net sy tradisies, volksliedjies, kuns en literatuur nie maar die totale arbeid en arbeidsproduk wat aan 'n volk eie is. Die volkskultuur is ook nie net die som van die arbeid en arbeidsproduk van die individuele groepslede nie maar dui op 'n

definitiewe eenduidigheid tussen die arbeid en arbeidsproduk van die groepslede. Hierteenoor kan die universele kultuur omskryf word as die versameling van die arbeid en arbeidsproduk van alle individue en groepe dwarsoor die wêreld in hulle bydrae tot natuurbeheersing, in welke geval daar nie van eenduidigheid sprake kan wees nie.

'n Normgetroue volkskultuur is verbonde aan die ewewigtige funksionering van die drie beskawingsbeginsels van differensiasie of individualiteit, integrasie of verryking en historiese kontinuïteit (Stone, 1979:144-150).

Die beginsel van differensiasie dui op die uniekheid en partikulariteit van die bepaalde volkskultuur. Die bepaalde inhoud, aard en wese - onder leiding van 'n bepaalde lewensbeskouing - van een besondere kultuur maak dit anders as en onderskei dit van ander kulture. So sal 'n volk met 'n Bybels-Christelike lewensbeskouing se kultuur radikaal verskil van die kultuur van 'n volk met 'n kommunistiese lewensbeskouing, omdat onder meer die politieke en ekonomiese standpunte van die kultuurgroepe sal verskil. Selfs by kultuurgroepe met dieselfde lewensbeskouing sal die fisiese kultuur verskil as gevolg van ander faktore. So, byvoorbeeld, kan die klimaat veroorsaak dat die kleredrag en boukuns van twee volke met dieselfde lewensbeskouing verskil; liggaamgrootte kan meewerk dat die meubelstyl verskil; die herkoms van die twee volke kan die taal, tradisie en geskiedenis laat verskil, en beskikbare grondstowwe kan die industriële lewe en vaardighede en ekonomieë laat verskil. Elke kultuur is dus eie aan 'n bepaalde volk of kultuurgroep. Juis die andersheid en eiesoortigheid van die kultuur maak dit vir die kultuurgenote kosbaar. Dit is juis in die beginsel van differensiasie dat die kultuur van 'n volk deel uitmaak van die diepere lewensin van die volksgenote.

Terselfdertyd is die volkskultuur ook aan die beginsel van integrasie of verryking onderworpe. Die volkskultuur staan nooit in algehele isolasie nie. Die eie volkskultuur is immers voortdurend met ander volkskulture in aanraking (veral deur middel van die moderne kommunikasiemiddele) en word deur hierdie kulture beïnvloed en verryk. Dit is dan veral die beginsel van integrasie wat tot verandering in en uitbouing van die volkskultuur aanleiding gee. Kultuur moet verander en ontwikkel, anders stagneer dit. Die verryking van die een kultuur deur 'n ander is egter

nooit die meganistiese oorplanting van sekere kultuuraspekte van die een na die ander toe nie. So 'n meganistiese kultuuroorplanting is eerder kultuurverkragting. Kultuurverryking vind net plaas wanneer sekere kultuuraspekte uit 'n ander kultuur op 'n selektiewe wyse gekies en in die bestaande kultuur geïntegreer word. Kultuurverryking geskied wanneer daardie kultuuraspekte wat oorgeneem word, in die bestaande kultuur inpas, in ooreenstemming met die lewensbeskouing van die kultuurgroep is, vir die kultuurgroep aanvaarbaar is en in eie idioom verwerkbaar is.

Die verandering in en uitbouing van die volkskultuur is egter ook onderworpe aan die beginsel van historiese kontinuïteit. Normgetroue, verantwoordbare en algemeen aanvaarde verandering en ontwikkeling kan nooit summier en met verontagsaming van die bestaande kultuur geskied nie, want sulke optrede kom op revolusie neer. Om geslaagde verandering (evolusie) van die kultuur te verseker moet die verandering vanuit die bestaande kultuur plaasvind. Die bestaande kultuur moet altyd as grondslag vir die verandering en ontwikkeling van die volkskultuur dien.

## 2.2 Onderwysstelsel

Die begrip "onderwysstelsel" kan omskryf word as die organisatoriese raamwerk wat die uiteindelike onderrig-leersituasie moontlik maak. Die organisatoriese raamwerk sluit die volgende aspekte in: beplanning (insluitende navorsing, beraadslaging en beleidsformulering); onderwysbeleid (wetgewing, regulasies); die uitvoering van die onderwysbeleid, en die konkretisering van die onderwysstelsel in die verskillende onderwysinrigtings, onderwyshulpdienste en aanvullende dienste (Barnard, 1981:38). Die onderwysstelsel is dus 'n onderwys- en opleidingsgerigte vervlegtingstruktuur waardeur verskillende samelewingsverbande wat by die onderwys betrokke is en daarby belang het, in noue verband met mekaar funksioneer (Stone, 1981:122-124). Soos ander samelewingsverbande vertoon die onderwysstelsel ook die natuurlike en kulturele aspekte waaruit die uniekheid sowel as algemeenheid van die verskillende onderwysstelsels duidelik afgelei kan word (Stone, 1981:67). 'n Verdere kenmerk van die onderwysstelsel is

dat dit die skoolstelsel (die verskillende onderwysinrigtings) as fokuspunt het.

### 2.3 Onderwys

Onderwys is die handleing wat daarop toegespits is om sekere kennis en vaardighede deur die onderwysontvanger te laat verwerf ten einde sy lewensroeping te vervul. Van Schalkwyk (1981:69) omskryf onderwys soos volg: "Die kind (die onderwysontvanger - HJS) moet volledig, gebalanseerd, normatief en gedifferensieerd ontsluit word aan die hand van 'n volledige, gebalanseerde, normatiewe en gedifferensieerde werklikheidsontsluiting wat deur middel van onderrig- en leerhandelinge plaasvind."

## 3. KULTUUR EN DIE ONDERWYSSTELSEL

### 3.1 Inleiding

Barnard (1981:43) beweer: "Die nasionale onderwysstelsel is 'n geïntegreerde deel van die volkskultuur en is onlosmaaklik gekoppel aan die kultuur van die volk of gemeenskap waarvoor dit bedoel is." In die lig van die probeemstelling, naamlik of daar 'n verband tussen die kultuur en die onderwysstelsel van die gemeenskap is, ontstaan die vraag dadelik of die stelling van die genoemde skrywer lukraak, met een of ander nie-opvoedkundige motief voor oë, gedoen is. Die antwoord kan gevind word deur aan die hand van die vyftien bestaanswyses van die onderwysstelsel na die kulturele uniekheid van die onderwysstelsel te soek en ook deur middel van 'n struktuuranalise van die onderwysstelsel.

### 3.2 Die bestaanswyses van die onderwysstelsels

Daar kan tussen die natuurlike en kulturele bestaanswyses van die onderwysstelsel onderskei word. Deur slegs enkele van die bestaanswyses aan te raak, kan die verband tussen die kultuur en die onderwysstelsel duidelik aangetoon word.

In hierdie verband is die fisiese aspek die eerste bestaanswyse waarop gelet moet word. Ten opsigte van die fisiese aspek kan daar tussen die

natuurlik-fisiese en tegnologies-fisiese onderskei word (Barnard, 1984:179). Die tegnologies-fisiese aspek dui onder andere op die kennis en vaardighede oor beskikbare grondstowwe en die verwerking daarvan wat deur bemiddeling van die onderwysstelsel aan die gemeenskap se onderwysgebruikers beskikbaar gestel moet word. Kennis en vaardighede oor grondstofverwerking en -produsering dui onmiddellik op kultuurprodukte van daardie gemeenskap, wat op sy beurt die verband tussen die kultuur en die onderwysstelsel baie duidelik aantoon.

Ten opsigte van die psigiese aspek van die onderwysstelsel verklaar Stone (1981:73) dat daar besliste aanduidings is dat die onderwysstelsel die volksaard, mentaliteit, diepste gevoelens, piëteit, gemotiveerdheid, vrese, twyfel, afkeure en voorkeure reflekteer. 'n Nasionale eenheidsgevoel word sigbaar in die eenheid van die onderwysstelsel, of die gebrek daaraan in die gespletenheid daarvan. As motivering vir sy stelling verwys Stone (1981:73) na Linton wat verklaar dat die vernaamste hindernis in die ontwikkeling van die Afgaanse onderwysstelsel die inherente swak gemotiveerdheid van die Afgaanse volk was, en na Langeveld wat bevind het dat emosionele faktore soos onsekerheid die daarstelling van 'n gebalanseerde lewenskragtige onderwysstelsel ernstig kortwiek. Weer eens word hiermee die verband tussen die kultuur ("the core of man's being") en die onderwysstelsel duidelik aangetoon.

Wanneer die mens in groepsverband aan kultuurnorme gestalte gee, skep hy kultuurvorme. Wanneer hy aan die norme in verband met die opvoeding en onderwys gestalte gee, skep hy opvoedings- en onderwyskultuur. Van gemeenskap tot gemeenskap en van tyd tot tyd gee die mens egter op verskillende wyses (byvoorbeeld as gevolg van verskillende normes of verskillende behoeftes) gestalte aan die opvoeding en onderwys, sodat verskillende onderwysstelsels die gevolg daarvan is. 'n Onderwysstelsel het dus 'n geskiedenis en is meteen deel van die kultuurgeskiedenis van die volk of gemeenskap waarvoor dit bedoel is en moet vanuit daardie kultuurgeskiedenis verklaar word (Stone, 1981:76-77).

Ten opsigte van die linguale aspek word die moedertaal as onderwysmedium steeds as die didakties-korrekte aanvaar en veroorsaak onder andere dat die onderwysstelsels vanweë die moedertaal as voertaal

meteens radikaal van mekaar verskil, soos byvoorbeeld die Franse en Duitse onderwysstelsels van mekaar verskil. Ook veroorsaak voertaalprobleme by leerlinge dat onderwysstelsels radikaal moes/moet aanpas om hierdie probleme op te los. 'n Voorbeeld word in Australië aangetref waar swak akademiese prestasie by immigranteleerlinge tot die instelling van spesiale klasse in die onderrig van Engels aanleiding gegee het (Claydon, et.al., 1977:61). Die verband tussen die taal as kultuurdraer en die onderwysstelsel blyk duidelik.

Onder die sosiale aspek word die interpersoonlike verkeer verstaan, kommunikasie en die skakeling tussen die verskillende vlakke en poste binne die onderwysstelsel, sowel as die skakeling tussen die verskillende samelewingsverbande wat betrokke is en belang het by die onderwysvoorsiening. Die aard en styl van hierdie interpersoonlike verhoudings en skakeling behoort ten nouste saam te hang met die sosiale patrone (kultuurpatrone) van die kultuurgemeenskap wat die onderwysstelsel bedien. Foster (soos aangehaal deur Stone, 1981:82) wys daarop dat ras, etnisiteit, beroep, gebied van oorsprong, afkoms en geslag ("the core of man's being"), veral in die geval van minder ontwikkelde gemeenskappe, faktore is wat 'n sekere gedifferensieerdheid van die sosiale verkeer meebring en dat daar daarmee in die onderwysstelsel rekening gehou moet word.

Dit word algemeen aanvaar dat die landsekonomie en die onderwysstelsel mekaar wedersyds beïnvloed. 'n Lewenskragtige landsekonomie vergemaklik die daarstelling van 'n lewenskragtige onderwysstelsel. Hoe meer gedifferensieerd die ekonomie, hoe groter word die aandrang op 'n gedifferensieerde skoolstelsel, aangesien die landsbehoefte ten opsigte van mannekragvoorsiening 'n belangrike bepalende faktor in die samestelling van 'n onderwysstelsel is. Die fokuspunte in die ekonomie, byvoorbeeld die landbou, behoort die fokuspunt van die onderwysstelsel te wees, hoewel die ekonomie nooit voorskriftelik mag wees nie en daar slegs op opvoedkundig verantwoorde wyse aan behoeftes uit die ekonomie voldoen kan word.

Volgens Stone (1981:85) word die estetiese aspek van die onderwysstelsel vergestalt deurdat die estetiese in die kurrikulum die estetiese in die kultuur verbeeld, terwyl die skool (die gebou en alles daarom verweef)

die argitektuur en die peil van estetiese beskaafdheid van die groep moet vertoon. Die kern van die estetiese lê in die harmonie (Barnard, 1983:185) en hiervolgens moet die onderwysstelsel 'n harmonie in struktuur en skakeling met die gemeenskap en gemeenskapskultuur vertoon.

Die onderwysstelsel is gegrond op die juridiese, waardeur die aard en struktuur van die onderwysstelsel vasgelê word en waardeur die plek en bevoegdheid van die verskillende samelewingsverbande betrokke by die onderwysstelsel gereël en geïntegreer word. Die staat, verbind tot regshandhawing en regsordening, is verantwoordelik vir die juridiese grondslag van die onderwysstelsel (Van Schalkwyk, 1981:124). Die aard van die staatsvorm, demokraties of outokraties, die politieke filosofie, byvoorbeeld humanistiese, kapitalisties of Christelik-nasionaal, en die partypolitieke uitgangspunte druk 'n duidelike stempel af op die struktuur en funksionering van die onderwysstelsel. Die kultuurprodukte van 'n bepaalde groep, te wete die staatsvorm en die politiek het dus 'n uitermate groot invloed op die onderwysstelsel.

Die onderwysstelsel het onderwysinrigtings as fokuspunt ten einde effektiewe onderrig-leersituasie te verseker. Die uiteindelike doelstelling is die toerusting tot volledige roepingsvervulling. Aangesien die aard van die roepingsvervulling kultureel mede-bepaald is, moet die onderwysstelsel in vergestalting van die etiese aspek die kultuur van die voedingsgemeenskap deeglik in ag neem.

3.3 Die struktuur van die onderwysstelsel

In die fisiese vergestalting van die onderwysstelsel kan drie hoofkomponente onderskei word, naamlik die onderwysbeleid, die onderwysadministrasie (die instrumente verantwoordelik vir die implementering van die onderwysbeleid) en die onderwysuitvoering (die onderwysinrigtings, onderwyshulpdienste en die aanvullende dienste)(Van Schalkwyk, 1981:148).

Uit hierdie ontdekking blyk dit dat die onderwysstelselstruktuur onlosmaaklik aan die groepskultuur gebind is. Die onderwysbeleid is 'n verwesenliking van die groepsbehoeftes (bepaal deur die groepskultuur)

en geskoei volgens die groepsnorme, tradisies, geskiedenis en -gebruike. Die onderwysadministrasie behoort waargeneem te word deur liggame wat binne die gemeenskap 'n bepaalde gesagstatus geniet, terwyl die aanvang en aard van die onderwysinrigtings hoofsaaklik deur die vlak van ontwikkeling van die gemeenskapskultuur bepaal word. Hoe verder die groepskultuur ontwikkel is, hoe meer gedifferensieerd raak die behoeftes van die gemeenskap en hoe meer gedifferensieerd die soort onderwysinrigtings wat aan hierdie behoeftes moet voldoen. Van Schalkwyk (1981:175) sê: "Die skool is dus nooit neutraal maar net skool nie maar bestaan altyd met 'n bepaalde karakter vir 'n bepaalde tipe onderwys soos wat die gemeenskap dit vereis."

Waar die onderwyshulpdienste formeel-georganiseerde hulp is wat aan die onderwys verleen word, is aanvullende onderwysdienste nie noodsaaklik vir die onderwys nie, maar maak dit die onderwysprogram vollediger en word dit gebruik waar en wanneer die behoefte daarvoor bestaan (Van Schalkwyk, 1981:206). Wanneer die aard van die aanvullende dienste, byvoorbeeld buitelugopvoeding (met insluiting van geesteswerbaarheid, liefde vir eie kultuurgoedere, fauna en flora, besoedeling en veldkuns), skoolreisdiens (opvoedkundige uitstappies), musiek (jeugkore en jeugorkeste), leerlingvervoer en leerlinghuisvesting (veral in ylbevolkte dele), mediese en tandheelkundige dienste en buitemuurse en buiteskoolse aktiwiteite (sport en ander kulturele bedrywighede) beskou word, word die verband tussen die kultuur van die gemeenskap en die aanvullende dienste duidelik.

### 3.4 Gevolgtrekking

Die voorgaande beredenering kan saamgevat word in die woorde van Stone (1981:63): "Tot die kultuur, ..., behoort ook die onderwysstelsel. Inderwaarheid is die onderwysstelsel die mens se omvattendste kultuurproduk op die terrein van die opvoeding en onderwys. Die nasionale onderwysstelsel is dus partikulier en eie aan 'n bepaalde volksgroep. Die onderwysstelsel van die een volk of kultuurgroep is eiesoortig en anders as die onderwysstelsels van ander kultuurgroepe. Die onderwysstelsel is enersyds daarop gerig om die geskape werklikheid vir die kind te ontsluit en andersyds om die kind toe te rus om sy roeping

in sy leefwêreld te volbring. Aan hierdie eis kan die onderwysstelsel slegs beantwoord indien dit in korrelasie, in pas, in verband, is met die lewensbeskouing en kultuur van die bepaalde volk of groep waarvoor dit bedoel is."

Om die kind toe te rus om sy roeping binne 'n veranderde leefwêreld te vervul, is dit 'n eis dat die onderwysstelsel uit 'n bepaalde kultuur voortspruit. Dan alleen is dit vir die kind moontlik om aktief, onbevrees en doelgerig homself te handhaaf en mee te werk tot die verandering en verbetering van sy leefwêreld en sy kultuur. Die uitgaan van die eie, die bekende, gee sekuriteit, visie en doelgerigte daadkrag. Die vervanging van die eie met 'n vreemde kultuur bring onsekerheid, gebrekkige belangstelling, willekeurigheid, wispelturigheid en frustrasie mee, met die gevolglike vyandigheid teenoor die vreemde kultuur en minagting van die eie (Steyn, 1981:1821).

As geïntegreerde deel van die volkskultuur is die onderwysstelsel ook aan die drie beginsels van differensiasie, integrasie en kontinuïteit verbonde. Volgens die beginsel van differensiasie of individualisasie is die nasionale onderwysstelsel, as arbeidsproduk, uniek, partikulier en onlosmaaklik aan 'n bepaalde volk of kultuurgroep gebonde. Die uniekheid en partikulariteit van die nasionale onderwysstelsel word duidelik as daarop gelet word dat die lewensbeskouing van die kultuurgroep die eie aard van die onderwysstelsel bepaal. Die verskille tussen onderwysstelsels is dus nie net 'n realiteit nie maar ook 'n vereiste, omdat die kulture van die groepe waarvoor die onderskeie onderwysstelsels bedoel is, verskil. In hierdie verskille lê die identifisering met en die aanvaarding van 'n onderwysstelsel deur 'n bepaalde kultuurgemeenskap. Die aanvaarding van 'n onderwysstelsel deur 'n kultuurgroep verseker dat daardie groep verantwoordelikheid vir die onderwysstelsel aanvaar. Dit beteken dat die kultuurgroep self sorg dat die onderwysstelsel steeds aansluit by en in pas bly met die veranderende kultuur van die volk of kultuurgroep waarvoor dit bedoel is.

Uit die beginsel van integrasie of verryking blyk dit dat die onderwysstelsel nie in volkome isolasie verkeer nie maar dat daar bevrugtend op mekaar ingewerk word en dat daar wel bepaalde

ooreenkomste tussen verskillende stelsels bestaan. Komponente uit die een onderwysstelsel kan ook tot verandering in en verryking van 'n ander onderwysstelsel aanleiding gee. Daar moet egter, soos in die geval van die omvattende kultuur, gewaak word teen 'n onoordeelkundige, meganistiese oorplanting van sekere komponente van die een onderwysstelsel op die ander. Sadler (soos aangehaal deur Tretheway, 1976:18) het reeds in 1900 gewaarsku dat: "In studying foreign systems of education we should not forget that the things outside the schools matter even more than the things inside the schools, and govern and interpret the things inside." Sadler het verder verduidelik dat net so min as wat die samevoeging van die blom van die een plant en die blare van 'n ander plant tot die ontwikkeling van 'n nuwe plant sal lei, net so min verwag kan word dat die dele van 'n vreemde onderwysstelsel wat op willekeurige wyse op die eie onderwysstelsel oorgeplant word, sal gedy (Barnard, 1981:8). Die verryking van die eie onderwysstelsel uit ander onderwysstelsels moet uiters selektief geskied. Die dele wat oorgeneem word, mag nie met die lewensbeskouing wat die eie onderwysstelsel karakteriseer in stryd wees nie. Die oorgenome komponent of komponente moet dus in eie terme omskryfbaar wees en in die eie stelsel geïntegreer kan word. Die gevolglike verandering in die bestaande onderwysstelsel sal slegs deur die stelselgebruikers aanvaar word indien die gebruikers hulle met die verandering kan identifiseer.

Onder leiding van die beginsel van historiese kontinuïteit moet, vir geslaagde verandering, die bestaande onderwysstelsel en kultuur as uitgangspunt gebruik word. Met hierdie vertrekpunt kan geleidelike koersaanpassings aangebring word wat die geslaagde toepassing van verlangde veranderinge sal verseker. Deur die beginsel van historiese kontinuïteit na te kom, word sorg gedra dat die veranderinge evolusionêr en nie revolusionêr is nie, dat die onderwysstelsel nie van die kultuur losraak nie en dat voortdurend aan die behoeftes van die kultuurgroep, die onderwysstelselgebruikers, voldoen word.

## 4. KULTUUR EN DIE ONDERWYS

### 4.1 Inleiding

Aangesien uit die voorgaande beredenering 'n duidelike verband tussen die groepskultuur en die onderwysstelsel van daardie groep af te lei is, moet ook bepaal word of daar wel 'n verband tussen kultuur en onderwys as handeling bestaan ten einde 'n volledige antwoord op die probleemstelling te gee. Wanneer bepaal moet word of sodanige verband wel bestaan, kan enkele onderwyskomponente of -vraagstukke as uitgangspunte geneem word.

### 4.2 Kultuur en die onderwysdoel

'n Suiwer onderwysdoel en die doelgerigte strewe na bereiking van dié onderwysdoel is noodsaaklik vir suksesvolle onderwys en opvoeding (Coetzee, et.al., 1983:177). Daar kan tussen verskillende soorte doelstellings onderskei word, naamlik die einddoel, verderliggende, naderliggende en onmiddellike doelstellings. Die einddoel van die onderwys hang af van die lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder en die opvoedeling. Die einddoel kan egter nie summier bereik word nie, maar 'n hele reeks verderliggende doelstellings moet bepaal word, handelende onder meer oor ideale, beskouinge, kennis en vaardighede wat nodig is om die einddoel te bereik. Die verderliggende doelstellings moet in nabyliggende doelstellings verwoord word. Wanneer byvoorbeeld ten opsigte van die verderliggende doelstellings besluit is dat kennis van Wiskunde nodig is om die skepping beter te beheers, moet deur middel van die nabyliggende doelstellings besluit word watter wiskundige kennis, en op watter vlak, nodig is. Hierdie nabyliggende doelstellings moet in onmiddellike doelstellings of lesdoelwitte omgeskakel word ten einde die eventuele bybring van die verlangde kennis, gesindhede en vaardighede te verwesenlik (Avenant, 1980:58-59).

Uit die ontleding van die verskillende doelstellings blyk dit dat almal kultureel mede-bepaald is, want die verlangde gesindhede, ideale en kennis word deur die samelewing waarin die kind leef ("the core of man's being") mede-bepaal. Selfs die lesdoelwitte word deur die kultuur mede-bepaal. Andersluidende lesdoelwitte sou vir kinders uit 'n ontwikkelde kultuur gestel word (want hulle ervaringswêreld is soveel groter) as vir kinders uit 'n onontwikkelde kultuur. Daar kan dus met Hoopes en Pusch (aangehaal deur Heyns, 1982:234) saamgestem word oor die invloed van die kultuur op die onderwysdoel wanneer hulle skryf:

"Education is the process of growth in intellectual and emotional skills which equip people to cope with human existence individually and as members of groups. Education occurs in many ways and under different circumstances during most of one's life, though much of it is dictated by the culture to which one belongs."

4.3 Die kultuur en die onderwysmetode

Selfs die onderwysmetode word mede-bepaal deur die kultuur van die onderwyser en die leerling. Hoewel daar van sekere basiese (universele) onderwysmetodes, byvoorbeeld die vertelmetode, deomonstrasie, klasgesprek, dramatisering en onderrig leergesprek (Coetzee, et.al., 1983:176) sprake kan wees, sal die keuse en realisering van die metodes kultureel mede-bepaald wees. So kan (by wyse van voorbeeld) in Ysland slegs die vertelmetode gebruik word om die igloe as vorm van behuising te behandel, terwyl in Suid Afrika (waar die igloe 'n heeltemal onbekende begrip is) ook ten minste demonstrasie as metode gebruik moet word. So sal die onderrig-leergesprek heel anders beplan en georganiseer word vir kinders uit 'n kultuur waar hulle minder belangrik geag word, as wanneer kinders uit 'n kultuurgroep waar kinders daaraan gewoond is om hulle menings te opper, betrokke is.

Daar word verder byvoorbeeld in Europa navorsing gedoen oor die beste metodes om kinders uit minderheidskultuurgroepe in hul eie taal en kultuur te onderrig - dus ander metodes vir onderrig aan ander kultuurgroepe (Lynch, 1983:578).

Die erkenning van die kultuur komplementeer ook die didaktiese belewings- of aanskouingsbeginsel (Avenant, 1980:117 e.v.; Van Loggerenberg, 1966:159 163). Die beginsel word byvoorbeeld ten volle verwerklik wanneer daar in die onderwys vanuit die eie kultuur vertrek word, want dan word beweeg van die bekende (eie kultuur) na die onbekende (gemoderniseerde eie kultuur), van die konkrete (eie kultuur) na die abstrakte (gemoderniseerde eie kultuur) en van die eenvoudige (eie kultuur) na die ingewikkelde (gemoderniseerde eie kultuur). Hierdeur word die leerlinge gehelp om nuwe kennis in eie terme te verwoord en sodoende die eie begripswêreld (eie kultuur) te vergroot en te moderniseer. Daar word dan nie van die leerling verwag om sy

eie kultuur (sy eie leefwêreld) af te lê en 'n nuwe kultuur (leefwêreld) binne te gaan nie. Hierdeur word die gevoel van sekuriteit en eie waarde (positiewe selfbeeld), wat so belangrik is vir suksesvolle onderwys, verseker. Dit is ook die taak van die opvoeder om die leerlinge te help om hierdie nuwe kennis te internaliseer sodat die leerlinge dit veel makliker kan operasionaliseer.

4.4 Die verband tussen kultuur en kurrikulum

Kurrikulum kan gedefinieer word as die wetenskaplik-verantwoordbaar, opgestelde dokument wat geselekteerde, geordende en geëvalueerde inhoude asook sodanige didaktiese oorwegings insluit wat instrumenteel is tot die verwesenliking van die daarin gestelde doelstellings in die skoolse didakties-pedagogiese situasie (Hill, 1975:17). Die kurrikulum omvat die leerinhoude gerig op die liggaamlike, verstandelike, emosionele, sedelike, sosiale, kultureel-persoonlike, beroepshandelinge en religieuse vorming en ontwikkeling van die opvoedeling (Coetzee, 1960:102). Die kurrikulum bestaan dus uit daardie leerinhoude wat vir die leerling nodig is om sy lewensroeping te vervul, die lewensroeping wat mede-bepaal word deur die kultuur en kultuurgroep waartoe die opvoedeling behoort.

Die kurrikulum bestaan dus benewens kennis oor die skepping, uit kennis oor die arbeid en arbeidsproduk van die mens - die eie groep sowel as dié van die mense oor die hele wêreld. Dit moet egter aanvaar word dat alle kennis nie in die kurrikulum ingesluit kan word nie. Die implikasie hiervan is dat die kurrikulumsamestellers en -uitvoerders, behalwe die opvoedkundige kennis, ook 'n besondere kennis, aanvoeling en waardering moet hê vir die kultuurgemeenskap waarin die kurrikulum in praktyk gebring moet word (Heyns, 1982:255). Die kurrikuleerders moet daartoe in staat wees om daardie leerinhoude uit eie en ander kulture te kies wat vir die kultuurgroep die meeste waarde het en die beste aan daardie kultuurgroep se behoeftes voldoen. Die kurrikulum moet nie net voorsiening maak vir die bestudering van die kultuur nie maar moet ook geleentheid bied om deur die vermeerdering van kennis die bestaande kultuurprestasies te verbeter en te verfyn.

Die verband tussen die eie kultuur en die kurrikulum word deur opvoedkundiges in die meeste lande met multi-etniese

bevolkingssamestellings erken. So rapporteer Lynch (1983:578) oor die onderwyspogings in Europa ten opsigte van multi-kulturele onderwys (veral deur bemiddeling van die Council of Europe): "Most recently, proposals were developed to make intercultural experiences a part of pupils' everyday learning and to extend intercultural experiences to all children ..." Verder skryf hy (1983:578): "Publications are also beginning to appear that advocate a holistic approach to multicultural education and that tell teachers how they can plan and implement these hinds of curricula" en " ... significant cultural groups find their cultures deleted from the mainstream cultures of manifestly multicultural societies. This ... determines the content not only of the school curricula but also of teacher education programs

4.5 Gevolgtrekking

Slegs by wyse van die kursoriese verbandlegging tussen die kultuur en die onderwysdoel, die onderwysmetode en die onderwyskurrikulum kan gekonstateer word dat daar 'n wesenlike verband bestaan tussen die kultuur van 'n groep en die onderwyshandeling wat daardie groep die beste sal dien. Vermoedelik sal deur ander vraagstukke soos die verband tussen kultuur en kindsiening, onderwysersiening, tug, dissipline, onderwysmedia, die onderrigsmedium, skool en klaskamerorganisasie en -evaluering respektiewelik op dieselfde wyse te ontleed, die verband tussen kultuur en die onderwyshandeling ook blyk.

Die slotsom waartoe gekom word, is dat die onderwyshandeling, as middel tot werklikheidsontsluiting (waarvan 'n deel die kultuur is), wel deeglik deur die groepskultuur bepaal word, en dat die erkenning van hierdie realiteit suksesvolle onderwys sal verseker.

5. SAMEVATTING

In die voorafgaande paragrawe is aangetoon dat indien kultuur "the core of man's being" - as die totale arbeid en arbeidsproduk, op materiële en geestelike vlak, eie aan 'n bepaalde groep gedefinieer word, daar wel 'n duidelike verband bestaan tussen die groepskultuur (volkskultuur) en die onderwysstelsel/onderwyshandeling van daardie groep. Deur die verband te erken, en die eie kultuur as vertrekpunt te neem, word dit

vir die onderwysgebruiker makliker om die ontsluiting van die werklikheid in eie konteks te verwerk en kan hy baie makliker die nuwe kennis gebruik om sy leefwêreld te beheers en sy eie kultuur volgens bestaande behoeftes te verander en aan te pas. Ook is dit vir daardie groep moontlik om met die onderwysstelsel te assosieer, dit as sy verantwoordelikheid te neem en dit volgens veranderde behoeftes te mobiliseer - die groep kan die onderwysstelsel gebruik in plaas daarvan dat die groep deur die onderwysstelsel gebruik word.

Differensiasie in die onderwys op grond van die eie kultuur is dus noodsaaklik. In die verskillende mono-kulturele lande is kulturele differensiasie 'n vanselfsprekendheid: die Japannese onderwys en onderwysstelsel is anders as die Chinese onderwys en onderwysstelsel. In lande met multi-kulturele samestellings, soos die VSA, RSA en Australië is die effektiewe toepassing van kulturele differensiasie egter 'n probleem waarmee steeds geworstel word.

Uit 'n ontleding van die situasie dwarsdeur die wêreld blyk dit dat daar drie (hoof-) wyses is waarop kulturele differensiasie in die onderwys in lande met multi-kulturele samelewings toegepas kan word, naamlik die segregasiepatroon, die assimilasiepatroon en die patroon van kulturele pluralisme. Volgens die segregasiepatroon word die verskillende kultuurgroepe afsonderlik bedien, terwyl die assimilasiepatroon daarvoor voorsiening maak dat die verskillende kultuurgroepe deur dieselfde onderwys en onderwysstelsel bedien word met die kultuur van die dominante groep as vertrekpunt. Volgens die patroon van kulturele pluralisme of multi-kulturele onderwys word die verskillende kultuurgroepe in dieselfde onderwysstelsel bedien, maar daar word gepoog om die eie kulture van die verskillende groepe as vertrekpunte te neem. Menigmaal is die kultuur van die dominante groep, bewustelik of onbewustelik, egter die ideaal waarna gestreef word.

Kulturele differensiasie in die onderwys is noodsaaklik. Elke land met 'n multi-kulturele samelewing moet deur middel van deeglike navorsing en weldeurdagte, eerlike besinning die wyse waarop dit geskied, volgens eie omstandighede bepaal, en voortdurend daaraan werk om die bestaande praktyk verder te verfyn en te verbesonder.

BRONNELYS


AVENANT, P.J. 1980. Riglyne vir suksesvolle onderwys. Durban :

BARNARD, S.S. 1981. Vergelykende Opvoedkunde vir onderwysstudente. Durban : Butterworth. Butterworth.

BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die Vergelykende Opvoedkunde. Durban : Butterworth.

CLAYDON, L., KNIGHT, T. & RADO, M. 1977. Curriculum and Culture: Schooling in a Pluralist Society. Sydney : George Allen & Unwin.

COETZEE, J. Chris. 1960. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde. Potchefstroom : Pro Rege.

COETZEE, J.H., MALAN, M.M. & STEYN, I.N. 1983. Onderrig-leer in fokus. Potchefstroom : PU vir CHO.

HEYNS, A.M 1982. Kultuur en Onderwysstelsel met besondere verwysing na die onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ongepubliseerde D.Ed.)

HILL, J.S. 1973. Kriteria vir die seleksie en ordening van kurrikuluminhoud. Pretoria : U.P.

KLASSEN, F.H. & GOLLNICK, Donna, M. 1977. Pluralism and the American Teacher. American Association of Colleges for Teacher Education.

LYNCH, J. 1983. Multi-ethnic Education in Europe : Problems and prospects. Phi Delta Kappan, 64(8) : 576-579.

MOLENDIJK, H. 1971. De Overheid en de Cultuur. Alphen aan den Rijn : Sansom.

MORROW, W. 1982. The voice of the people? Perspectives in Education, 6(2) : 81-107.

ROODE, C.D. 1970. Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad : Balkema.

STENT, M.D., HAZARD, W.R. & RIVLIN, H.N. 1973. Cultural Pluralism in education. New York : Meredith.

STEYN, H.J. 1981. Die noodsaaklikheid van kulturele differensiasie in 'n "nuwe" omvattende onderwysstelsel vir die Republik van Suid-Afrika. Fokus, 9(3) : 1818-1825.

STONE, H.J.S. 1981. Gemeenskaplikheid en Diversiteit. 'n Profiel van die Vergelykende Opvoedkunde. Johannesburg : McGraw-Hill.

THRETHEWAY, A.R. 1976. Introducing comparative education. Rushcutters Bay : Pergaman.

VAN DER WALT, J.L. s.d. Die verband en die verhouding tussen lewensbeskoulike differensiasie en kultuurdifferensiasie in die onderwys. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN LOGGERENBERG, N.T. 1966. Verantwoordelike Opvoeding. Bloemfontein : Nasionale Boekhandel.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Durban : Butterworth.

ZINTZ, M.V. 1969. Education across cultures. Iowa : Kendall/Hint.